

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 209
(Oktober 1986)

Die mens smag en juig tot God

* * * * *

"Jubel in die Here, regverdiges,
sing 'n loflied opregtes."

(Psalm 33:11)

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

Gods genade omring jou

(Psalm 3: 6)

SPANNING EN

NOGEENS

SPANNING

is die tendens van die tyd waarin ons ons bevind. Dit lyk of die tekens van die tye in vervulling gaan soos die Here Jesus geleer het: Oorloë . . . en . . . gerugte van oorloë droogtes . . . pessiëktes . . . en aardbewings.

Met al die sanksies en swak geldwaarde en inflasie word ons stoflik uitgemergel.

SPANNING . . .

Optrede van mense is *gespanne*. Gesinslede en mense wat moet saamwerk is *oorspanne*.

Die slaap neem as gevolg van al die dinge eenvoudig die wyk. En die nag kan so oneindig lank word as jy nie kan slaap nie. Dan is jy op die sy en dan weer op die ander sy.

Vir tydverdryf drink jy water asof jy dors is.

Spanning maak jou siek

Siek van bekommernis.

Geestelik siek

Ook liggaamlik siek

Jou kragte word uitgeput en jy is vir niks meer lus nie . . . Alles het net te veel geword. Party neem pille om tot kalmte te kom Ander selfs drank. Spanning maak die mensdom krank na liggaam en siel.

Dawid, die geloofsheld teen die reus Goliat is weer 'n keer ons voorbeeld. Teen Goliat staan hy in die geloof soos 'n reus. Maar as sy seun Absalom teen hom in opstand kom is dit vir Dawid te veel . . . Dan vlug hy vir sy lewe. *Maar wat 'n pragtige les leer Dawid ons nie vir ons dag nie:*

MOENIE JOU SPANNING EN JOU SIEKTE TROETEL NIE.

WERP JOU LAS OP GOD. As die dinge vir Dawid te veel word sê hy in die 5de vers dat hy die Here luid aanroep. En as hy sy las voor die aangesig van die Here uitgeskree het, dan sak die vrede oor hom toe.

Hy is nie meer bang vir Absalom nie.

Al weet Dawid dat as Absalom hom kry, gaan hy of een van sy bende hom doodmaak. Maar as hy sy las en sorge en hartseer op God geplaas het, het hy dit afgehandel. DAN gaan lê hy om te slaap.

Hy ontspan

Hy gaan lê en raak selfs aan die slaap.

En hy slaap GOED. (vers 6)

En die volgende oggend word hy weer wakker. Hy is nie dood nie. Absalom het hom nie gekry nie.

Maar wat was die geheim dat Dawid in die aangesig van die dood en doodsgevaar kon ontspan?

SELFS SLAAP ----- en-----weer wakker word?

OMDAT die HERE vir hom SORG . . . Vertrou u ook op God op so 'n manier

OF

probeer jy jou eie laste dra omdat jy God nog nie leer ken het as

BARMHARTIGE VADER nie!

As jy waarlik jou hemelse Vader ken, werp jou las op HOM. Sê dit vir God en pleit op genadige uitkoms

en ONTSPAN.

Ds. Andries H. Mulder.

Dit Here is my Herder

(Ps. 23:1)

"Die HERE is my Herder; niks sal my ontbreek nie."

Te midde van doodsgevaar, te midde van sy eie swakheid en weerloosheid, adem Dawid in Ps. 23 'n gees van kalmte en vrede en gemoedsrus, want hy weet hy is 'n skaap in God se kudde. Die Here is my Herder!

Geen probleem is in hom te groot om te oorkom nie.

'N SKAAP

Dawid het self skape opgepas voordat hy koning geword het. En nou gebruik hy dit wat hy daar in die veld ervaar het om die Here se sorgsaamheid aan Hom onder woorde te bring.

Hy het gesien: 'n Skaap is 'n weerlose en hulpelose dier. As hy nie van honger en dors omkom nie, sal wurms en siektes 'n einde aan sy lewe maak. Of een of ander roofdier sal hom verskeur.

- 'n Mens is soos 'n skaap. Ellendig en weerloos. Jy is 'n gemaklike prooi van die Satan en die sonde. Jy is geneig totale kwaad. Jy is selfs teen die allergeeringste gevaar nie opgewasse nie.

Hy het 'n Herder nodig! Maar nou kan jy ook heeltemal seker wees:

Ek het 'n Herder

Die Here is my Herder.

'N HERDER PAS SY SKAPE Op

'n Herder pas sy skape op. En om skape op te pas is 'n baie omvattende werk. Die herder sien na elke individuele skaap met sy eie unieke behoeftes om. In die Here se kudde is jy nie maar net 'n skaap nie, een van baie nie, 'n *blote* nommer nie.

Nee, Hy *ken* jou by die naam! Hy *ken jou!*

Hy ken jou swakhede, jou behoeftes, hartsere, jou ongehoorsaamheid, jou geneigdheid om af te dwaal. Hy ken jou *soos jy is!*

Maar juis omdat Hy jou só goed ken, kan Hy vir jou so 'n volmaakte Herder wees.

Hy sorg dat daar by jou *niks* ontbreek nie. Alles, ja, alles wat jy nodig het in jou tydelike en ewige lewe, gee Hy vir jou. Nou, én in die toekoms sal jy nooit aan enige iets gebrek ly nie.

Jy kan dus met die grootste vertroue en met 'n kalm gemoed die toekoms sonder die geringste vrees instap.

NA WATERS WAAR RUS IS

Hoe *onrustig* kan ons nie soms wees nie? Besorgd oor nietighede . . .

Jou Herder, die Here, lei jou na waters waar rus is.

Die hele dag deur hou die herder in Palestina een ding altyd in gedagte:

Ek moet my kudde na 'n drinkplek toe lei. Die mooiste uur van die dag vir 'n skaap is, wanneer hy onder die skroeiende hitte van die son kom by die verkwikkende koel water van die drinkplekke.

By die drinkplek: Daar word jou dors geles — daar kan jy rus na 'n vermoeiende tog.

Luister wat sê die Goeie Herder, Jesus Christus, in Matt. 11:28 en 29:

"Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee."

"Julle sal rus vind in julle siele." **DIE DAL VAN DOODSKADUWEE**

Om by die beste weiding te kom moes die herder soms deur donker klowe gaan - en in dié donker *klowe het die dood geskuil*: Die roofdiere. Maar die ware herder beskerm sy skape teen dié gevare van die dood.

Om ons van die dood te red, het Christus self die dood ingegaan. Die Goeie Herder lê sy lewe af vir sy skape.

En omdat Christus aan die kruis vir ons sondes gesterf het, kan ons Ps. 23:2 (berymd) met vertroue op ons lippe neem:

"En is ek soos 'n skaap in doodsgehare,
wat in die velde as 'n prooi van wolwe gaan,
en moet ek in die doodsdal, diep en donker,
van alle hulp ontbloot, in my alleenheid staan —
dan nog ken ek geen doodsrees of verskrikking,
omdat u staf my troos is in verkwikking."

Ds. A. H. Grové

God maak Homself bekend!

(Psalm 19:2)

"Die hemel getuig van die mag van God, die uitpansel maak die werk van sy hande bekend."

"Die woord van die Here is volmaak: Dit gee lewe." (Ps. 19:8). Die psalmdigter Dawid besing in hierdie psalm die twee maniere waarop die Here Homself aan mense bekendmaak:

- Die Here openbaar Homself in die eerste plek deur die werke van sy hande: Die skepping, onderhouding en regering van alles wat bestaan. Die natuur, die hemelruim, die son en maan en sterre, die dag en die nag vertel van God se almag in sy grootste skeppingswerk. Woordeloos, maar tog betekenisvol, verkondig hierdie dinge dat God die magtige Skepper is,
 - dat alles nog elke oomblik hulle bestaan en hulle plek in die skepping aan Hom te danke het,
 - en dat alles gedra word deur Sy woord en Sy bevel. Die grootste en heerlike skeppingswerke van God,
 - die wye oseane,
 - die geweldige bergreekse,
 - die uitgestrekte vlaktes,
 - die verruklike skouspel van die naghemel, dit alles deel aan ons mee die grootheid en die majesteit, die almag en die sorgsaamheid van God.

En elkeen wat hierdie dinge in die geloof aanskou, buig voor Hom neer in diepe verwondering, in heilige vrees, in ootmoedige aanbidding, want dié God wat dit alles gemaak het en dit nog in stand hou, is groot en heerlik en almagtig en alwys.

- Die Here openbaar Homself in die tweede plek deur die woorde van sy mond: Sy Woord wat volmaak is en lewewekkende krag besit in Sy wet wat betroubaar is en die regte koers aandui.

Om die rykdom van God se geskrewe openbaring aan te dui, gebruik die digter 'n hele verskeidenheid van terme. Hy noem dit God se Woord, Sy wet, Sy onderwysing, Sy bevel, gebooe, eise, bepalings; en sê daarvan dat dit volmaak is en betroubaar, rigtinggewend, helder, goed, vas en reg, regverdig kosbaar, soet en leersaam.

Die gelowige vind daarin lewe en verkwikking, wysheid in onervarenheid, blydschap, insig, verligting van die oë, en 'n genadige beloning.

In die helder lig van die Woord en die wet van die Here, moet elke mens homself ontdek as verganklik en diep sondig, as tot die dood skuldig en in homself verlore.

Maar dan voorsien dieselfde Woord ook in ons grootste sielsbehoefte en in ons diepste sondenood. Dit dui naamlik vir ons die weg tot verlossing aan, die pad na die ewige Vaderhuis, waar ons uiteindelik tuis kom deur die geloof in Jesus Christus wat die wet in ons plek vervul het, en deur Wie se genade die gelowige van die ewige verderf gered word en deel kry aan die hemelse heerlikheid.

Opmerklik dat die Here Homself bekend maak in die vorm van bevel en bepalinge en gebooe. Dit beteken dat Hy van ons verwag om dit uit te voer, om daaraan gehoorsaam te wees?

Die selfopenbaring van God roep ons tot die daad!

- dit spoor ons aan tot geloofsaktiwiteit! Die hoofsaak by die selfopenbaring van die Here is

nie alleen of ons Hom daaruit leer *ken* nie, maar veral of ons Hom daaruit leer *dien* en *liefhê*, in gehoorsaamheid aan sy Goddelike wil.

Mag die Here dan ons oë open vir die boek van die natuur, sodat ons uit die wonders van Sy skeppingswerke kan leer van die almag en die majesteit van God.

Maar mag Hy bo alles sy Woord en sy wet in ons harte laat leef, sodat dit steeds vir ons 'n lamp vir ons voet en 'n lig op ons pad sal wees,

- 'n opwekking tot geloofsgehoorsaamheid,
- en 'n rigtingwyser na die ewige lewe!

Ds. Pieter van der Walt

Ons kinders? . . . God se kinders!

Mense praat van: "my kinders . . ." En só leef en tree ons met hulle op — ons kinders.

Maar weet u . . . Psalm 127 vers 3 sê nee! **Dis Gód se kinders**

- sy verbondskinders
- sy ewigheids-kinders wat Hy uit genade aan jou en my toevertrou.

Ja, daar staan geskrywe: "Seuns is *geskenke* van die Here, kinders word deur Hóm gegee!"

Sien jy! geskenke van God! Syne wat Hy vir my gee! Daarom is kinders jou kosbaarste besitting.

En hierdie woordjie "geskenke", kan ook vertaal word met "erfdeel" of letterlik: "'n gawe" van God.

Hoe ookal — dit beteken:

- dis iets wat jy *NIE* verdien nie
- iets waarop jy *nie* kan aanspraak maak nie
- onverdiend en uit genade ontvang jy dit!

Só sê Salomo moet ons ons kinders sien . . . en ervaar en opvoed! As kosbare geskenke wat God uit genade aan jou toevertrou!

En juis in hierdie moderne en wêreldse tyd is jy en ek geroepe om ouers te wees van God se uitverkore, ewigheids, verbondskinders.

'n Tyd waarin kinders soms as 'n lastigheid gesien word. Want in die moderne tyd het mense mos net één obsessie, en dis geld, rykdom, besittings. En om dit te kan besit, word self geen kindjie ontsien nie . . .

- hulle is lastig . . . in die pad
- hok hulle in tussen die vier mure van bewaarskole
- laat hulle in die hande van heidene om hulle op te voed!

Dit kán mos nie . . . dit *mag* nie!

Dis jóú taak as ouer . . . jóú roeping om met verantwoordelikheid die grootste geskenk van God in jou huis te vertroetel.

Onse Here Jesus Christus leer ons dit — Hy het gesê: Aan ons kinders behoort die Koninkryk van God!

Ja . . . *God* se kind in jou huis . . .

- is jou hoogste trots
- jou diepste vreugde
- jou grootste rykdom!

Ons moet hulle liefhê en oppas en versorg — soos Christus ons liefhet en versorg!

En dit beteken dat jy selfs jou *lewe* moet gee vir jou kind!

Dit het Christus gedoen ... vir jóú: **GODSKIND!**

Ds. Nico Ligthelm

In U Woning, o Here

(Psalm 84)

Godsdiens, Geloof, Christenskap is om hartlik bly te wees in God. 'n Gelowige moet ook oorloop van vreugde, van blydschap en blymoedigheid.

Die vreugde van 'n kind van die HERE word in Psalm 84 besing.

Die blye verlange na God, na sy Woning, na gemeenskap met Hom, om naby God te wees!

Om in Christus te wees, is om regtig bly te wees!

Is daar in u lewe dalk die gemis na ware vreugde, na volle blydschap en diep geluk?

Soek God in sy Woning. Die digter van Ps. 84 spel dit so mooi uit—

"My siel verlang, ja, smag na die voorhowe van die HERE."

Soek die HERE se aangesig op in sy kerk. Daar sal u Hom vind, daar sal u saam met baie ander sy onmisbare seën ontvang, daar sal u saam kan sing, "my hart en my vlees jubel net tot die lewende God." Daar sal u sy Woord hoor, en daar kan u saam bid tot God.

Ps. 84:5 "Welgeluksalig is hulle wat woon in u huis; . . . Die psalmdigter noem mense wat in die huis van die HERE is — welgeluksalig!

Dit is so waar! Daar waar die HERE Hom openbaar, daar waar Hy met sy kinders praat, daar waar Hy hulle krag gee, en hulle voed en sterk — daar moet 'n mens welgeluksalig wees!

In Jesus Christus het God Homself ten volle geopenbaar, en die liggaam van Christus, sy lewende tempel, is die KERK.

Is u ook Sondag daar?

Daar waar u saam met sy kinders hartlik bly kan wees, en volle vreugde ken, want u ontmoet God in sy openbaring aan die gemeente.

Die digter sê dat hy kies 'n dag in sy voorhowe bo 'n duisend by die sondaars.

'n Dag by God!

Jesus Christus is by ons!

Dit is die vreugde en blydschap van die gelowige. Jesus ken ons, en het ons verlos!

Dit is vreugde en blydschap.

Ken u hierdie Jesus?

Soek Hom met verlange en begeerte in sy kerk!

Die Heilige Gees en Sy Woord sal Hom aan u openbaar, daar waar al sy kinders Hom so intiem leer ken het.

Soek u lewensvreugde, soek dit by Jesus in Sy kerk . . . Sy wonings is lieflik!

Ds. Leo van Schaik